**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. A128/2003

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| **BROBUS (EDMS) BEPERK** | Eerste Appellant |
| **LODEWYK BOTHA** | Tweede Appellant |

En

| | |
|---|---|
| **MNR T.G.G. MOROBE &**<br>**MEV. M.A. MOROBE** | Respondente |

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | **LOMBARD** ***et*** **MUSI, RR** |
| **AANGEHOOR OP:** | **2 AUGUSTUS 2004** |
| **UITSPRAAK DEUR:** | **LOMBARD, R** |
| **GELEWER OP:** | **26 AUGUSTUS 2004** |

---

Die tersaaklike agtergrond van hierdie appèl is kortliks die volgende:

(i) Op 22 April 1999 is daar in die Landdroshof vir die distrik Kroonstad twee dagvaardings uitgereik te wete:

(a) In Saak Nr. 2380/1999 is die eiser mnr. T.G.G. Morobe (later het dit geblyk dat sy van eintlik Morabe is) en mnr.

Lodewyk Botha (Botha), die verweerder. In die besonderhede van vordering wat 'n aanhangsel tot die dagvaarding is, word Brobus (Edms) Bpk (Brobus) as eerste verweerder en Botha as tweede verweerder gesiteer.

(b) In Saak Nr. 2381/1999 is die eiseres mev. M.A. Morobe (haar van ook verkeerd gespel) en Brobus en Botha die eerste en tweede verweerders. Die partye word ook so in die besonderhede van vordering siteer.

(c) Paragrawe 4 en 5 van die besonderhede van eis in elk van hierdie sake lees as volg:

> " 4.
>
> Op of omtrent 15 April 1999 het Tweede Verweerder terwyl hy in diens was van Eerste Verweerder en opgetree het in die uitvoering van sy pligte as sodanig, wederregtelike en opsetlike, alternatiewelik nalatiglik Eiser(es) gearresteer en beskuldig dat Eiser(es) 'n pen gesteel het, welke bewerings gemaak is in die teenwoordigheid van derdes en welke bewerings van alle waarheid ontbloot is en slegs gemaak is met die uitsluitlike doel om Eiser(es) in sy goeie naam, eer en

waardigheid aan te tas.

5.

As gevolg van Tweede Verweerder se optrede voormeld, het Eiser(es) skade gely in die bedrag van R20 000,00;

**DERHALWE** eis Eiser(es):

1. Betaling van die bedrag van R20 000,00;

2. Rente a tempora morae gereken op voormelde bedrag vanaf 15 April 1999;

3. Koste van die geding;

4. Verdere en/of alternatiewe regshulp."

(Oorkonde p.3 & p.12)

(ii) Namens die verweerders is in elk van die sake onder meer 'n verweerskrif afgelewer waarin alle wesenlike bewerings ontken word.

(iii) By die aanvang van die verhoor het die partye ooreengekom dat die twee sake gekombineer sal word en dat die getuies slegs eenkeer sal getuig en dat die uitspraak van die hof op albei sake bindend sal wees.

(iv) Nadat die getuienis afgehandel en eisers se regsverteenwoordiger die hof toegespreek het, is die saak uitgestel ten einde verweerders

‘n geleentheid te bied om skriftelike betoogshoofde af te lewer.

(v) In die tussentyd het eisers aansoek gedoen om paragraaf 4 van die besonderhede van vordering in elk van die sake te wysig om as volg te lees:

> “ 4.
>
> Op of omtrent 15 April 1999 het Tweede Verweerder, terwyl hy in diens was van Eerste Verweerder en opgetree het in die uitvoering van sy pligte as sodanig, wederregtelik en opsetlik Eiser(es) voorgekeer en aangehou, waarop Eiser(es) in die teenwoordigheid en ten aanskoue van derdes beskuldig is dat eiser(es) ‘n pen gesteel het en gevisenteer is. Die bewerings van diefstal, is van alle waarheid ontbloot en slegs gemaak, met die uitsluitlike doel om Eiser(es) in sy goeie naam, eer en waardigheid aan te tas.”
>
> (Oorkonde p.195 & p.204)

Alhoewel sodanige aansoeke opponeer was, is die wysigings toegestaan.

(vi) Die verhoorhof het op 23 Oktober 2002 vonnis in elk van die sake ten gunste van die eiser en die eiseres onderskeidelik ten bedrae van R1 000,00 plus rente en koste teen die eerste en tweede verweerders gesamentlik en afsonderlik, as die een betaal word die ander kwytgeskeld, toegestaan. (Oorkonde p.209-211).

(vii) Die landdros se redes ingevolge Landdroshofreël 51 is in elk van die sake op 27 Desember 2002 verstrek. (Oorkonde p. 212 & p.216).

(viii) Die verweerders het teen die hele uitspraak en bevel van die verhoorhof in elk van die twee sake appèl aangeteken. (Oorkonde pp.217 – 221).

Daar sal egter voortaan nog steeds na die partye soos wat hulle in die verhoorhof gesiteer was, verwys word.

Met die aanvang van die aanhoor van hierdie appèl het die volgende aspekte na vore getree:

(a) Alhoewel die toestaan van die wysiging van paragraaf 4 van die eisers se besonderhede van vordering in beide sake 'n grond van appèl is, het mnr. Gilliland, namens die verweerders, aangedui dat hy nie daarmee voortgaan nie en is dit laat vaar.

(b) Insgelyks het hy toegegee dat indien die weergawe van die eisers op appèl aanvaar sou word hul vordering teen die verweerders

moet slaag en dat die *quantum* van die genoegdoening nie aangeveg word nie.

(c) Hy het egter volhard in sy betoog dat aangesien die dagvaarding (en besonderhede van eis) in Saak Nr. 2380/1999 nie op Brobus beteken was nie, laasgenoemde nooit 'n party tot die aksie was nie en gevolglik is die vonnis teen Brobus "defektief" of soos hy later betoog het 'n "nulliteit".

As vertrekpunt is die volgende *dictum* van Thirion R in **MILLS v STARWELL FINANCE (PTY) LTD 1981 (3) SA 84 (NPD) op 90G** uiters insiggewend:

> "The summons, as we have seen from *Voet* 2.4.1 and *Merula* 4.24.2, serves the dual purpose of preventing a defendant from being condemned unheard and of calling the defendant before a competent court to answer the plaintiff's claim."

In die onderhawige geval is daar geen spake dat Brobus in sy afwesigheid benadeel kon word nie aangesien, onder meer, nie alleen al die kennisgewings, verweerskrifte ens. namens beide verweerders afgelewer was nie, maar mnr. J.M. Prinsloo het onder eed getuig dat hy die

besturende direkteur van die eerste verweerder is.

Afgesien van bogemelde was hierdie hele kwessie aangaande die nie-betekening van die dagvaarding in Saak Nr. 2380/1999 op Brobus op geen stadium, hetsy in die pleitstukke en of getuienis, in geskil geplaas nie en kan daar, myns insiens, redelikerwys aanvaar word dat Brobus daarvan afstand gedoen het, m.a.w. dat hy afstand gedoen het van die feit dat die dagvaarding nie op hom beteken was nie – **BAY LOAN INVESTMENT (PTY) LTD v BAY VIEW (PTY) LTD 1971 (4) SA 538 (CPD)**.

Dit was in elk geval ook nie 'n grond van appèl nie en kan dus, myns insiens, nie in die besondere omstandighede van hierdie saak nou op appèl vir die eerste keer geopper word nie. Herbstein & Van Winsen, **The Civil Practice of the Supreme Court of South Africa** (now the High Court and Supreme Court of Appeal) 4de uitg. p.912-3.

As die uitsprake van die verhoorhof in elk van hierdie sake en die redes ingevolge Landdroshofreël 51 van nader beskou word (Oorkonde pp.208 – 210 en pp.212-216), word onder meer gevind dat:

(a) Alhoewel die getuienis van die eisers aan die eenkant en Botha s'n aan die anderkant heel volledig weergegee word en albei se weergawes gedeeltelik aanvaar en gedeeltelik verwerp word, dit geskied het sonder die opgaaf of verskaffing van enige redes en of enige geloofwaardigheidsbevindinge – laat staan nog die oorweging van waarskynlikhede.

(b) Afgesien van bogemelde word daar glad nie na die getuienis van mnre. Rasenswere, Beukes, Prinsloo, Eekhout en J.H.J. Botha en mev. Brits verwys nie. – laat staan nog enige kommentaar betreffende die kwaliteit of gebrek aan kwaliteit en of die waarskynlikhede daarvan.

Die tersaaklike getuienis hierin is in ‘n neutedop dat die eisers die betrokke middag by Shoprite Checkers in Kroonstad gaan inkopies doen het en dat nadat hulle alreeds daarvoor betaal het en op pad na die uitgang was hulle deur twee manlike sekuriteitswagte voorgekeer en van diefstal van ‘n pen of penne beskuldig was. Hulle is ook albei daar en dan in die openbaar deur die sekuriteitswagte deursoek en vandaar na ‘n ander verdieping geneem waar hulle in die privaat weer deursoek was. Verweerders se relaas is dat die eiser(es) penne in die winkel gesteel het en dat hulle deur die twee sekuriteitswagte voorgekeer en beleefd versoek was om hulle na die volgende verdieping te vergesel om deursoek te word en wat hulle gedoen het.

Die weergawes van die partye is duidelik uiteenlopend en wedersyds onversoenbaar.

Soos alreeds aangedui het die verhoorhof ongelukkig geen geloofwaardigheidsbevindinge van die getuies gemaak nie – hetsy op grond van die waarneming van die getuies of hetsy op grond van die waarskynlikhede of andersins.

Wanneer die geloofwaardigheid van die verskillende getuies en die waarskynlikhede van hul onderskeie weergawes beoordeling verg, is hierdie Hof as Hof van appèl nou aangewese op die benadering soos in **<u>BARING EIENDOMME BPK v ROUX</u> 2001 (1) ALL SA 399 (A) op 401j-402f** deur Grosskopf AR uiteengesit:

> "[7] Die uiteenlopende weergawes van die partye is wedersyds onversoenbaar. Wat 'n hof in so 'n geval te doen staan, word soos volg uiteengesit in die beslissing van die volle hof in die saak van ***National Employers' General Insurance Co Ltd v Jagers*** 1984 (4) SA 437 (E) op 440E-441A (per Eksteen Wnd.RP):
>
> > "... where there are two mutually destructive stories, [the plaintiff] can only succeed if he satisfies the Court on a preponderance of probabilities that his version is true and accurate and therefore acceptable, and that the other version advanced by the defendant is therefore false or mistaken and falls to be rejected. In deciding whether that evidence is true or not the Court will weigh

up and test the plaintiff's allegations against the general probabilities. The estimate of the credibility of a witness will therefore be inextricably bound up with a consideration of the probabilities of the case and, if the balance of probabilities favours the plaintiff, then the Court will accept his version as being probably true. If however the probabilities are evenly balanced in the sense that they do not favour the plaintiff's case any more than they do the defendant's, the plaintiff can only succeed if the Court nevertheless believes him and is satisfied that his evidence is true and that the defendant's version is false.

This view seems to me to be in general accordance with the views expressed by Coetzee J in ***Koster Ko-operatiewe Landboumaatskappy Bpk v Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens*** [1974 (4) SA 420 (W)] and ***African Eagle Assurance Co Ltd v Cainer*** [1980 (2) SA 234 (W)]. I would merely stress however that when in such circumstances one talks about a plaintiff having discharged the onus which rested upon him on a balance of probabilities one really means that the Court is satisfied on a balance of probabilities that he was telling the truth and that his version was

> therefore acceptable. It does not seem to me to be desirable for a Court first to consider the question of the credibility of the witnesses as the trial Judge did in the present case, and then, having concluded that enquiry, to consider the probabilities of the case, as though the two aspects constitute separate fields of enquiry. In fact, as I have pointed out, it is only where a consideration of the probabilities fails to indicate where the truth probably lies, that recourse is had to an estimate of relative credibility apart from the probabilities"."

Dit is duidelik dat die eisers se saak in wese daarop neerkom dat hulle gekrenk en belaster is deur, eerstens, in die openbaar van diefstal beskuldig te word en, tweedens, deur in die openbaar deur verweerders se sekuriteitswagte deursoek te word en veral die feit dat eiseres deur 'n manspersoon deursoek was. Alhoewel die valse beskuldiging van die diefstal van die pen of penne nie die hoofbron van hul skuldoorsaak is nie, is dit myns insiens onlosmaaklik aan hul daaropvolgende deursoeking gekoppel.

Die eiser het getuig dat hy en die eiseres op die betrokke namiddag by Shoprite Checkers te Brandstraat, Kroonstad by die kruideniersafdeling ingegaan het om inkopies te doen. Hy het 'n trollie met twee mandjies, een bo en een onder, geneem. In die boonste mandjie was 'n leë penhouer met plastiek oorgetrek. Eiseres het dit op 'n rak ongeveer 3 tot

4 meter vanaf die naaste betaalpunt ten aanskoue van almal geplaas. Nadat hulle met hul inkopies klaar was, het hulle na die betaalpunt beweeg waar hulle daarvoor betaal het en waarvandaan hulle na die uitgang of buitedeur beweeg het toe hulle deur twee manlike sekuriteitswagte ongeveer een meter vanaf die uitgang ingewag was. Een vra toe "waar is die penne?" In reaksie op eiseres se vraag "watse penne", is geantwoord "die penne wat julle gesteel het". Daarna het die wagte eers die plastiese sakke met die inkopies en daarna die eisers ten aanskoue van lede van die publiek deursoek. Vandaar is hulle na private kantore op die eerste verdieping geneem waar albei weer deursoek was – eiseres hierdie keer deur 'n damespersoon. Weereens is daar geen gesteelde items in hul besit gevind nie. Die hoof sekuriteitsbeampte het hul om verskoning gevra vir wat aan hulle gedoen sou gewees het en bygevoeg dat indien hulle enige regstappe wens in te stel, dit hulle sou vrystaan om so te doen.

In kruisverhoor is, onder meer, aan die eiser gestel dat:

(a) die sekuriteitswagte sal ontken dat hulle (eisers) daar ten aanskoue van die publiek en die eiseres deur 'n manspersoon deursoek was;

(b) die sekuriteitswagte ook sal ontken dat hulle van die diefstal van

penne beskuldig was;

(c) die sekuriteitswagte hulle daar beleefd gevra het of hulle bereid sal wees om deursoek te word waarop hulle "out of your own free will" toegestem het;

(d) getuies en mnr. Duvenhage sal kom getuig dat hy gesien het hoe die eiseres 'n pakkie penne van die rak afhaal en dit oopmaak;

(e) Botha sal getuig dat eiseres aan eiser een pen gegee en dat sy met 'n ander een haar inkopielys afgemerk het;

(f) Botha sal ook getuig dat hy ook gesien het dat die eiseres die leë penhouer in 'n rak in die kruideniersafdeling gooi waar hy dit opgetel het;

(g) Botha sal verder getuig dat hy gesien het dat eiser by die kassier met sy gesteelde pen sy inkopielys afmerk en nie vir die pen betaal nie;

(h) Botha sal voorts getuig dat die volgende oggend ‘n winkelassistent, ene Rebekka Maseko, buite die kantore waar hulle deursoek was ‘n pen of penne tussen die kartonne gevind het.

Die eiseres se weergawe stem in alle wesenlike aspekte ooreen met dié van die eiser en in daardie gevalle waar daar geringe afwykings mag voorkom is sy egter nie daarmee gekonfronteer ten einde haar in staat te stel om enige verskil te verduidelik en of op te klaar nie. Haar getuienis gaan in sekere opsigte verder as dié van die eiser en wel ten aansien van onder meer die volgende:

(i) Sy beweer dat met haar “openbare deursoeking” sy die sekuriteitswag pertinent gevra het waarom sy deur ‘n manspersoon deursoek word, waarna hulle versoek was om na die privaat kamers te gaan.

(ii) Tydens haar deursoeking sy so skaam was dat haar neus begin bloei het.

(iii) By die betaalpunt sy ‘n Parker pen by ‘n ander dame geleen het, en

(iv) dat die sekuritietswagte hard gepraat het toe hulle beskuldig is dat hulle penne gesteel het.

Tydens kruisverhoor is daar verskeie stellings in die algemeen aan haar gemaak, maar insiggewend is die feit dat ten opsigte van haar getuienis soos in (i) – (iv) hierbo uiteengesit geen stellings gemaak is dat dit betwis sou word nie – wat meer is, sy is ook glad nie gekonfronteer met die wyse waarop sy die pakkie penne van die rakke sou afgehaal het nie. (Sien weereens die stellings hierbo). Aan haar is ook nie gestel dat Botha of wie ookal pertinent sal ontken dat daar ooit 'n beskuldiging van die diefstal van penne was nie. Die naaste wat daaraan gekom was, is die volgende stelling:

> " Goed, ek stel dit aan u dat u of u man se eer en waardigheid en u goeie naam glad nie geskaad is omdat u nooit daarvan beskuldig is dat u gesteel het nie, maar indien die agbare Hof sou aanvaar dat u wel daarvan beskuldig is dat u gesteel het, dan stel ek dit aan u dat u aansien en u eer en u waardigheid geensins aangetas is nie."
>
> (Oorkonde p.63, reël 15-20)

Dit is in elk geval glad nie aan haar gestel dat dit betwis sal word dat sy en die eiser daar in die openbaar deur die sekuriteitswagte deursoek was

nie.

Mnr. Rasenswere het die hof meegedeel dat hy gedurende April 1999 by Shoprite Checkers, Kroonstad as ‘n pakker gewerk het. Op die betrokke dag het hy ‘n “geraas of lawaai” in die rigting van die deur van die winkel gehoor (± 7 meter van hom af) en gesien dat sekuriteitswagte met die eisers praat en vra waar is daardie penne, waarop eiseres gevra het “watter pen soek u”. Daarna het hulle eers die eiseres se plastiese sakkies deursoek waarna die een manlike sekuriteitswag die eiseres en die ander manlike sekuriteitswag die eiser ten aanskoue van lede van die publiek deursoek het.

Tydens kruisverhoor is daar geen stellings aan hom gemaak dat die sekuriteitswagte sal ontken dat die eisers ten aansien van lede van die publiek deursoek was nie en of dat daar geen sprake van ‘n pen of penne was nie.

Mnr. Beukes het die hof meegedeel dat hy by Brobus te Bloemfontein werksaam was en dat hul opleiding onder meer bepaal dat klante van sê Shoprite Checkers nie in die openbaar deursoek mag word nie, maar dat dit wel gebeur het “dat my kollegas dit doen en ons het daaroor gepraat”.

Dit was die getuienis namens die eisers.

Mnr. J.M. Prinsloo, die besturende direkteur van eerste verweerder (Brobus) het bevestig dat hy die getuienis van die eisers gehoor het. Hy het verduidelik dat wanneer 'n klant onregmatig deursoek sou word die winkelbestuurder hom skakel "om soiets aan te meld en te vereis dat ek die betrokke persoon(e) onmiddellik verwyder". Alhoewel daar te alle tye 'n bestuurder of assistent bestuurder aan diens moet wees, het niemand hom in hierdie verband geskakel nie. Hy het toegegee dat indien 'n bestuurder wat wel van enige onregmatige deursoeking sou bewus wees en hom nie daarvan verwittig nie, hy salig onbewus daarvan sal wees. Niks is in hierdie verband aan hom rapporteer nie.

Mnr. L.C. Botha, die tweede verweerder, het die hof meegedeel dat hy tydens hierdie gebeure 'n sekuriteitsbeampte in diens van die eerste verweerder was. Sy weergawe was dat hy daardie dag in die winkel gepatrolleer het toe hy die eisers by die penne-afdeling gesien het waar hulle twee BIC oranje penne van die rak afhaal vanwaar hulle na die seeppoeierrak beweeg het en waar die pennehouer deur die eiseres

oopgeskeur is en elkeen ‘n pen geneem het – die leë penhouer is by die volgende rak, die blikkieskosrak, weggegooi. Hy het hierdie leë penhouer opgetel en die eisers tot by die betaalpunt agtervolg waar hulle vir hul inkopies, uitsluitende die penne, betaal en met die penne die inkopielys afgemerk het By die voordeur is die eisers deur homself en mnr. Eekhout, sy kollega, wat by die voordeur op diens was, voorgekeer en versoek om saam met hulle te gaan, wat hulle gedoen het. Hulle is toe in die privaat deursoek.

Tydens kruisverhoor het hy, onder meer, getuig dat toe die penhouer van die rak afgehaal was eisers ± 10 meter van hom af was en dat hulle hom gekleed in ‘n uniform kon gesien het – lede van die publiek het ook vrylik daar rondbeweeg. Hy het voorts beskryf hoe die eiseres die penne in haar mandjie bo-op ander inkopies geplaas het. Hulle het nie ‘n trollie gehad nie maar slegs ‘n mandjie. Terwyl eisers by die betaalpunt was, het hy na die voordeur beweeg vanwaar hy hulle dopgehou het. Eiser het met die pen in sy hand daar gestaan, ‘n afstand van ongeveer 13 meter van hom af. Hy het ook verduidelik dat toe hulle met die eisers op pad na die volgende verdieping was, het “hulle die penne weggegooi” en later gesê dit was ene Rebekka wat sou gesê het dat sy gesien het dat die eiseres die

pen daar neergooi. Toe aan hom gestel is wat namens verweerders aan die eiser gestel was oor wat hy sou getuig, het hy verskeie van hierdie stellings ontken.

Mnr. J.E.J.C.W. Eekhout het getuig dat hy daardie betrokke dag as sekuriteitswag op diens was toe die vorige getuie, Botha, vir hom kom sê het dat hulle twee persone wat by die betaalpunt op daardie stadium was moet voorkeer omdat "hulle penne gevat het sonder om te betaal". Hy het die manspersoon met 'n pen in sy hand by die betaalpunt sien staan en ook gesien dat daar nie vir die pen betaal word nie. Op pad na die voordeur het hy hulle voorgekeer en beleefd gevra om saam te gaan om deursoek te word, waartoe hulle ingestem het en is hulle toe privaat deursoek.

In kruisverhoor het hy gesê dat die betrokke pen 'n geel balpuntpen was en het hy by herhaling gesê dat hy glad nie weet wat van die betrokke pen tussen die betaalpunt en die deursoeking van die eiser geword het nie. Hy het ook getuig dat ene Rebekka, 'n shop stewart by Checkers, die volgende oggend die pen(ne) vir hulle gebring het.

Mnr. J.H.J. Botha was ten tyde van hierdie gebeure ‘n supervisor by Brobus. Op die betrokke dag was hy op die eerste verdieping by sekuriteit toe twee kollegas met die twee verdagtes opgekom het. Hulle het hom meegedeel dat hulle vermoed dat daar diefstal in die winkel gepleeg is. Die eisers is toe daar deursoek. Hy het ook getuig dat “die penne in Shoprite se sakke” gekry is later daardie dag nadat eisers alreeds die perseel verlaat het. Hy het beklemtoon dat hy die eisers daardie dag die eerste keer gesien het toe hulle met die trappe na die eerste verdieping opgekom het en enige stellings aan die eiser dat hy op ‘n vroeëre stadium teenwoordig sou wees, is onwaar. Hy het ook getuig dat wanneer vermoed word dat ‘n persoon iets kon gesteel het aan om of haar verduidelik word waaroor dit gaan – “ons verduidelik hulle hoekom ons hulle vat”.

Mev. C.M. Brits het bekragtig dat sy die eiseres in die privaat deursoek het nadat Botha haar versoek het om dit te doen “dit gaan oor penne wat sy by haar het”. Sy het egter niks gevind nie.

Dit het die getuienis voltooi.

As daar na die weergawes van die eisers teruggekeer word, is dit by die deurlees daarvan duidelik dat hulle mekaar ten aansien van die kerngeskilpunte steun en is daar myns insiens ook niks onwaarskynlik omtrent die totaliteit daarvan nie.

Die indruk wat ek by die deurlees van die oorkonde kry is dat die eisers volwasse en verantwoordelike persone is wat daardie betrokke dag gaan inkopies doen het en dat hulle optrede doodnormaal onder die omstandighede was en dat hulle hulself onverwags in 'n groot verleentheid bevind het – soseer so dat die eiseres se neus begin bloei het. Om te suggereer, soos wel gedoen was, dat hulle 'n valse beeld aan die hof voorgehou het en in die proses doelbewus die sekuriteitswagte valslik wou beskuldig is myns insiens naïef. Wat hierdie suggestie of betoog myns insiens heeltemal ontsenu is die feit dat hul relaas tot 'n baie groot mate deur 'n onafhanklike "supervisor" Rasenswere gestaaf word.

Soos alreeds aangedui is laasgenoemde se getuienis glad nie tydens kruisverhoor bevraagteken of in twyfel getrek nie, en sy relaas is vir alle praktiese doeleindes onbetwis. Ek is terdeë bewus van die feit dat onbetwiste getuienis nie noodwendig geloofwaardig is nie. Eiseres se weergawe is ook nie ten aansien van, onder andere, haar deursoeking deur die manlike sekuriteitswag in die openbaar pertinent betwis nie. Ook is dit ook nie betwis dat haar neus begin bloei het nie. Wat sake nog verder vir die verweerders bemoeilik is dat getuienis wat deur hulle of namens hulle aangebied is glad nie aan veral eiseres en Rasenswere gestel was nie. In hierdie verband is die volgende *dictum* van die Grondwetlike Hof in **PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND OTHERS v SOUTH AFRICAN RUGBY FOOTBALL UNION AND OTHERS 2000 (1) SA (CC) op 36J-37E** insiggewend:

> "[61] The institution of cross-exmination not only constitutes a right, it also imposes certain obligations. As a general rule it is

essential, when it is intended to suggest that a witness is not speaking the truth on a particular point, to direct the witness's attention to the fact by questions put in cross-examination showing that the imputation is intended to be made and to afford the witness an opportunity, while still in the witness-box, of giving any explanation open to the witness and of defending his or her character. If a point in dispute is left unchallenged in cross-examination, the party calling the witness is entitled to assume that the unchallenged witness's testimony is accepted as correct. This rule was enunciated by the House of Lords in ***Browne v Dunn*** (1893) 6 R 67 (HL) and has been adopted and consistently followed by our Courts.

[62] The rule in ***Browne v Dunn*** is not merely one of professional practice but 'is essential to fair play and fair dealing with witnesses'. [See the speech of Lord Herschell in ***Browne v Dunn***, above] ...

[63] The precise nature of the imputation should be made clear to the witness so that it can be met and destroyed ... particularly where the imputation relies upon inferences to be drawn from other evidence in the proceedings. It should be made clear not only that the evidence *is* to be challenged but also *how* it is to be challenged. This is so because the witness must be given an

> opportunity to deny the challenge, to call corroborative evidence, to qualify the evidence given by the witness or others and to explain contradictions on which reliance is to be placed."

As die eisers regtig penne wou steel waarom doen hulle dit dan ten aanskoue van die publiek en 'n sekuriteitswag en waarom steek hulle dit dan nie weg in 'n handsak of broeksak nie? Waarom word die houer oopgeskeur en weggegooi en die penne oop en bloot gebruik om inkopielys(te) af te merk – of is die suggestie dat die penne vir laasgenoemde doel gesteel was? Alhoewel eiser nog in besit van die gesteelde pen by die betaalpunt was, was dieselfde pen 'n paar minute later tydens sy deursoeking skoonveld. Rebekka sou blykbaar gesien het hoe eiser dit voor die deursoeking sou weggooi en sy dit die volgende oggend daar gekry en aan, onder andere, Botha uitgewys het. Sy word egter nie as getuie geroep nie. Botha het die oopgeskeurde penhouer opgetel maar doen ook niks verder daaromtrent nie.

By die deurlees van Botha en Eekhout se weergawe kry ek die indruk dat hulle nie die verhoorhof in hul vertroue geneem het nie. Hulle het mekaar weerspreek en het ook nie getuig soos wat aan eisers tydens kruisverhoor te kenne gegee was nie. Die waarskynlikhede begunstig ook nie hul relaas nie. Dit is myns insiens hoogs onwaarskynlik dat die eisers bloot beleefd versoek was om deursoek te word en dat hulle doodluiters daartoe ingestem het (eiseres se neus het darem begin bloei). In hierdie verband is die getuienis van die ander Botha (Duvenhage) myns insiens meer aanvaarbaar en dit is dat aan verdagtes, alvorens hulle deursoek word, verduidelik word "waaroor dit gaan". Beukes staaf ook nie hul

weergawe nie.

Volledigheidshalwe kan net opgemerk word dat die getuienis van Prinsloo vir soverre dit die betrokke gebeure hierin aangaan, nie van veel waarde is nie – hy kan maar net reageer op wat aan hom rapporteer word – wat die oog nie sien nie, treur die hart nie oor. Hy moes uit die aard van die saak op die waarskynlikhede ook daarteen waak dat sy sakeverbintenis met Shoprite Checkers nie deur hierdie insident benadeel of selfs beëindig kon word nie.

Opsommerderwys is ek dus van oordeel dat die eisers se weergawe waar dit veral met Botha en Eekhout s'n bots as die waarheid aanvaar word en laasgenoemde s'n as vals verwerp word. Nie net is die kwaliteit daarvan baie beter nie maar is die waarskynlikhede oorweldigend in hul guns. Die feit dat die hoofsekuriteitsbeampte na die "formele deursoeking" vir eisers om verskoning gevra en bygevoeg het dat indien hulle regstappe sou oorweeg dit hulle vrystaan om dit te doen is myns insiens aanduidend van 'n persoon wat in 'n verleentheid was.

In die lig van bogemelde word die verweerders se appèl in elk van die twee sake met koste van die hand gewys.

____________________

**D. J. LOMBARD, R**

**EK STEM SAAM**

______________

**H.M. MUSI, R**

| | |
|---|---|
| **Namens Appellante:** | Adv. J.G. Gilliland<br>i.o.v.<br>Azar & Havenga Ingelyf<br>Bloemfontein |
| **Namens Respondente:** | Adv. J.Y. Claasen<br>i.o.v.<br>Naudes<br>Bloemfontein |

/scd